



Die sentrale plek van 'n lewens- en wêreldbeskouing

D.F.M. Strauss
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
BLOEMFONTEIN
E-mail: dfms@cknet.co.za

Abstract

The central place of a life- and worldview

While taking into account the difference between a worldview and a lifeview this article focuses on the important foundational role of a life- and worldview – precisely because Professor Bennie van der Walt dedicated so much of his scholarly output to the implications of the Christian world- and lifeview. Within the latter context we find an important pillar safeguarding us against a biblicistic (or fundamentalist) misapprehension of the scope of the biblical message. God's law-Word for being a creature must be distinguished from the written Word which refers us to the former. An important outcome of the Christian life- and worldview is particularly found in the ideal of Christian scholarship – a theme with which Professor Bennie van der Walt continuously occupied himself. Because the after-effect of the Roman Catholic split of reality – in a sacred supernatural and a natural “secular” sphere – with the accompanying oppositions (such as church and world, faith and reason, sacred and secular, soul and body, and so on) – is still found within our protestant legacy, the rest of this article focuses on a perspective that can help us to transcend this dichotomy. The basic conception is that the directional antithesis between good and evil (redemption and sin) ought not to be twisted into a structural opposition within the good creational order of God for creatures.

Opsomming

Die sentrale plek van 'n lewens- en wêreldbeskouing

Met inagneming van die verskil tussen 'n wêreldbeeld en 'n lewens- en wêreldbeskouing, fokus hierdie artikel op die belangrike funderende rol van 'n lewens- en wêreldbeskouing – juis aangesien professor Bennie van der Walt soveel aandag gegee het in sy publikasies aan die implikasies van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. In laasgenoemde vind ons 'n belangrike steunpilaar waardeur ons gevrywaar word van 'n biblisistiese (of fundamentalistiese) misverstaan van die appèl van die Skrifboodskap. God se wet-Woord vir skepselwees moet onderskei word van die Skrif-Woord wat ons na eersgenoemde verwys. 'n Belangrike vrug van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing vind ons juis in die ideaal van Christelike wetenskap – 'n tema waarmee professor Bennie van der Walt hom deurlopend besig gehou het. Omdat die nalewende Roomse tweedeling van die werklikheid – in 'n gewyde bonatuurlike en 'n natuurlik-“sekulêre” sfeer – met die daarmee gepaardgaande teenstellings (soos kerk en wêreld, geloof en rede, sakraal en sekulêr, siel en liggaam, e.s.m.) – steeds in ons protestantse erfenis aanwesig is, fokus die res van hierdie artikel op 'n perspektief waarin hierdie tweedeling te bowe gekom kan word. Die grondgedagte is dat die rigting-teenstelling tussen goed en kwaad (verlossing en sonde) nie verdraai moet word tot 'n struktuur-teenstelling binne die goed-geskepe orde van God se skepping nie.

1. Wêreldbeeld en lewensbeskouing

Wanneer 'n festschrift opgedra word aan 'n akademikus wat sy lewe gewy het aan die uitbouing en verspreiding van die ideaal van Christelik-wetenskaplike denke, is dit sekerlik geensins verbasend nie dat in hierdie arbeid van hom dikwels oor kernelemente van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing besin is nie. Professor Bennie van der Walt is waarskynlik een van die mees prominente denkers binne die reformatories-wysgerige erfenis wanneer dit aankom op die vraag watter deurslaggewende rol 'n lewens- en wêreldbeskouing in die lewe van die mens speel – en in die besonder watter sleutelposisie die Christelike lewens- en wêreldbeskouing inneem (of behoort in te neem) in die lewe van Christene.

Allereers enkele opmerkings oor die ontstaan van die uitdrukking: *lewens- en wêreldbeskouing*.¹

Die term *Weltanschauung* (lewensbeskouing) word reeds in Immanuel Kant se *Kritik der Urteilskraft* (*Kritiek van die oordeelsvermoë*) aangetref (Kant, 1968 [1799]:92 e.v.). Die konteks waarin Kant hierdie term na vore bring, hou verband met sy siening van die oneindige. In sy *Kritik der reinen Vernunft* (*Kritiek van die suiwere rede*) (Kant, 1956 [1787]:461) stel hy in verband met die aard van ruimte dat dit nie 'n *compositum* is nie, want as bepalend ten opsigte van die dele daarvan is ruimte 'n *totum*. Die dele is slegs moontlik in die geheel en die geheel deur sy dele. Hiermee openbaar Kant 'n korrekte insig in die aard van die ruimtelike geheel-delerelasie (die totaliteitskarakter van kontinuïteit). Weliswaar beskou hy die getalsbesef van suksessie hier as 'n onvoltooibare ry wat nie as 'n totaliteit gedink kan word nie – dit is slegs moontlik in rede-ideë. Slegs binne die konteks van rede-ideë erken hy die moontlikheid om 'n eindelose suksessie as totaliteit te dink. Om die oneindige as 'n totaliteit te dink, berus op 'n vermoë wat die sintuiglikheid te bowe gaan – en juis in 'n *Weltanschauung* word dit gedink op 'n wyse wat die maatstaf van die sintuiglikheid oorskry. In sy *Kritiek van die oordeelsvermoë* argumenteer Kant gevolglik dat dit wat nie deur getalsbegrippe nie, wel deur die rede as 'n totaliteit gedink kan word.

Indien ons hierdie siening met die idee van die *universum* vergelyk, merk ons spoedig op dat in laasgenoemde dit ook gaan oor die gebruik van ons getals- en ruimtebesef. Dink slegs aan die Afrikaanse benaming *heelal*. Die twee geledinge daarvan is “geheel” en “alles” – waar geheel, soos ons pas opgemerk het, 'n ruimtelike konnotasie besit en “alles” 'n getalsbetekenis verteenwoordig. Wanneer die suksessie van 'n getallery tot 'n geheel saamgevat word, ontmoet ons die idee van die heelal. Hierdie term pas egter uiteindelik beter by verskillende wêreldbeelde – iets wat duidelik onderskei moet word van wat ons vandag eerder met die uitdrukking *lewens- en wêreldbeskouing* wil aandui. Mense met verskillende lewens- en wêreldbeskouings kan immers dieselfde wêreldbeeld deel.

2. Die eenheid en goedheid van die skepping

Een van die grondperspektiewe wat in die Christelike lewens- en wêreldbeskouing aangetref word, is gegee in die erkenning van die

1 Insake die verhouding tussen filosofie en lewensbeskouing, sien Wolters (1989:15-18).

eenheid en goedheid van die skepping. Daarmee word tegelyk afskeid geneem van allerlei tweeslagtige of dualistiese lewens- en wêreldbeskouings. Die nalewende erfenis van die Rooms-Katolieke tradisie is hier prominent, veral omdat daarin kernelemente van die dualistiese Griekse erfenis beliggaam is.

Vroeg in sy akademiese loopbaan het professor Bennie van der Walt 'n betrekking in Filosofie by die Universiteit van Fort Hare aanvaar. Hy moes onder andere 'n kursus in antropologie aanbied en het 'n kopie van sy Antropologiediktaat aan my gestuur. Wat my nou nog van hierdie diktaat bybly, is sy skerp kritiek op die tradisionele dualistiese interpretasie van Genesis 2:7 oor die mens. Volgens die tradisionele interpretasie is die mens se *liggaam* uit die stof van die aarde gevorm, en die *siel* in die liggaam geplaas sodat die (stoflike) liggaam “besiel” kon word. Hierteenoor het Van der Walt verduidelik dat 'n korrekte lees van hierdie teks nêrens enige grond bied vir hierdie drievoudige dualistiese (siel-liggaam) interpretasie nie. In die eerste plek word uitdruklik in Genesis 2:7 gestel dat dit die mens is (en nie bloot die mens se liggaam nie) wat uit die stof van die aarde gevorm is. In die tweede plek ontvang die mens die asem van die lewe (en nie slegs die mens se liggaam nie), sodat dit derdens die mens is wat 'n lewende wese word en nie bloot die liggaam van die mens wat “besiel” word nie.

Binne die Griekse kultuur vind ons die ondergrond van hierdie dualistiese mensbeskouing gemanifesteer in dit wat Aritoteles later sou aandui as die teenstelling tussen vorm en materie – 'n aanduiding wat deur Dooyeweerd gebruik is om die religieuse grondmotief van die Griekse kultuur onder woorde te bring. Alhoewel Bram Bos die wyse waarop Dooyeweerd die ontstaan van hierdie grondmotief verantwoord krities bevraagteken deur voorkeur te gee aan wat hy bestempel as die *titaniëse sin-perspektief*, is hy van mening dat die uitvoerige analise van die ontwikkeling van hierdie motief in die Griekse denke (Dooyeweerd, 1949; sien Dooyeweerd, 2004) 'n geldige perspektief bied op die inherente dialektiek van die Griekse denke (Bos, 1994:220).

Die invloed van die Griekse vorm-materiemotief op die middeleeuse Rooms-Katolisisme blyk allereers daaruit dat die verhouding tussen natuur en genade gesien is ooreenkomstig die relasie tussen materie en vorm. Die natuurlike lewe van die mens, wat sy hoogste vormvervolmaking in die staat vind (gerig op deugzaamheid), dien as die blote materie-voortrap vir die hoër vorm van die kerk wat as bonatuurlike genade-instituut die mens tot ewige geluksaligheid moet voer. Die praktiese effek van hierdie grondmotieftweedeling

van die lewe het lewensbeskoulike beslag gekry in talle teenstellings wat ons vandag nog al te goed ken: sakraal (heilig) versus profaan (wêrelds/aards); roeping versus beroep; kerk(-instituut) versus wêreld (nie-kerklike lewensvorms soos staat, bedryf en universiteit); teologie versus filosofie; geestelik versus tydelik; gewyd versus alle-daags; ewige lewe versus tydelike lewe; siel versus liggaam; geloof versus rede; en so meer.

'n Treffende voorbeeld van die Roomse dualisme vind ons in die feit dat haas alle reformatore van die sestiende eeu ten gunste van die kontinuering van die Ou-Testamentiese renteverbod was – met een uitsondering: Calvyn! Hy was die enigste reformator wat besef het dat daar niks in die skepping van God is wat minderwaardig is of wat as sodanig sondig geskape is nie. God die Vader, wat in sy almag alles geskep het, het 'n goeie skepping daargestel – 'n skepping wat God dra deur die woord van sy krag (Heb. 1:3) en 'n skepping wat die eer van God vertel en die werk van sy hande verkondig (Ps. 19:2). Die mens is geskape as kroon van die skepping en is deur God (as medewerker van God) met eer en heerlijkheid gekroon (Ps. 8:6; vgl. ook Heb. 2:6-8). Deur die toedoen van die sonde is alles wat God geskape het egter afgetrek in diens van daardie afgod wat die mens se hart bemeester het en waaraan die mens sigself in gewaande ootmoed oorgegee het.

3. Die beskawingsvormende krag van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing

Die gevolg van die sondeval is derhalwe dat elke goeie skeppingsgegewe gawe aan die mens deur die sonde in sy hart in ongehoorsaamheid aan en afvalligheid van God misbruik (kan) word. Geen enkele sondige misbruik van 'n skeppingsgegewe gawe van God aan die mens hef egter ooit die godgehoorsame en korrekte gebruik daarvan op nie. Hoe skuldig die mens ook al mag wees aan ekonomiese wanbesteding en vermorsing, of aan haat en nyd teenoor medemense, die mens bly kragtens God se Skepperswil steeds geroepe om met rentmeesterskap in spaarsaamheid om te gaan met die (beperkte) ekonomiese middele van die skepping (w.o. die kosbare en onvervangbare hulpbronne van die aarde), of om in liefde en met eerbied teenoor ander mense op te tree. Daarom was dit volkome Bybels-verantwoord dat Calvyn weer die aard van ekonomiese arbeid in ere herstel het. Volgens Calvyn is elke beroep 'n roeping – 'n godgegewe taak wat goed of sleg ten uitvoer gebring

kan word. Calvyn het deur die opheffing van die renteverbod² en die in ere herstelling van die ekonomiese terrein van die skepping baanbrekerswerk verrig teenoor Luther, Zwingli en ander reformatore wat van deurslaggewende belang was vir die hele ekonomiese ontwikkeling van die Westerse beskawing gedurende die afgelope vier eeue. Die ekonomiese bloei van die protestantse lande van weleer – dink byvoorbeeld aan die “goue eeu” wat Nederland in die sewentiende eeu beleef het – is 'n regstreekse gevolg van die feit dat Christene opnuut en met verantwoordelikheid hulle ekonomiese roeping nagekom het. Hulle het dit nagekom sonder om langer hierdie terrein as minderwaardig en as behorende tot die laer natuurlike (wêreldse) lewe van die mens te beskou (vgl. Goudzwaard, 2009).

4. Die negatiewe effek van die humanistiese lewens- en wêreldbeskouing

Weliswaar sou die moderne afval van God, wat die mens sentraal stel (vergoddelik), naamlik die Humanisme, hierdie gesonde ekonomiese ontwikkeling weer ombuig en diensbaar maak aan die sondige neiging van die mens – aan sy selfsug en (geldgierige) materialisme. Die vaders van die moderne kapitalisme het onverbloemd die leer verkondig dat ekonomiese heil en voorspoed vir alle mense slegs vir hulle beskore sal wees wanneer almal toegelaat word om onverhinderd en optimaal in gierigheid hulle eie belang na te jaag.

Aan die begin van die twintigste eeu het Max Weber (1970) bekendheid verwerf met 'n geskrif, *Die protestantische Ethik und der Geist des Kapitalismus* (*Die protestantse etiek en die gees van die kapitalisme*). (Dit is oorspronklik gepubliseer in 'n sosiaal-wetenskaplike tydskrif in 1904 en 1905.) Hierin het hy die puriteinse werkywer en soberheid van leefstyl waardeur as een van die ontstaansfaktore van die moderne kapitalisme en dit tegelyk ook gesien as 'n gevolg van die lewensbeskoulike aard van die Reformasie (die Protestantisme). Die puriteinse werksetiek van die Engelse werker het hy treffend beskryf as binne-wêreldse askese (*innerweltliche Askese*). Daaruit blyk egter hoedanig hy nog die aard van die Christelike lewensbeskouing in Roomse terme verteken. Sedertdien het verskeie gesaghebbende studies verskyn waarin aangetoon is dat die grondgedagtes van Calvyn allermens beskou kan word as 'n vertrekpunt

2 In sy proefskrif oor die ekonomiese sienings van Calvyn gee Diepenhorst (1904) ook 'n uitgebreide analise ook van die renteverbod.

van die humanistiese klem op eie belang en gierigheid wat aan die wortel van die Westerse kapitalistiese materialisme te vind is.

Ter versagting moet opgemerk word dat Weber sêlf waarsku teen 'n ál te simplistiese benadering wat sou wou beweer “that the spirit of capitalism ... could only have arisen as the result of certain effects of the Reformation, or even that capitalism as an economic system is a creation of the Reformation” (Weber, 1970:91). Op dieselfde bladsy voeg hy daaraan toe: “In itself, the fact that certain important forms of capitalistic business organization are known to be considerably older than the reformation is a sufficient refutation of such a claim”.

Die uitbuiting en eksesse waartoe hierdie humanistiese selfsug aanleiding gegee het, het die werkers tydens en na die industriële omwenteling (aan die einde van die agttiende en begin van die negentiende eeu) verlaag tot 'n vlak van weerloosheid en uitbuiting – sodanig dat dit aanleiding gegee het tot die sosialistiese reaksie van Marx se kommunistiese lewensbeskouing. Die twintigste eeu is tot op 'n groot hoogte gekenmerk deur die ideologiese stryd tussen die kapitalistiese materialisme van Amerika en die sosialistiese materialisme van Rusland en China. Sedertdien is die bykomende magsmonstering van die Islam beleef met die uitstulping daarvan in terrorisme-aanvalle.

5. Calvyn se denke: 'n gemengde erfenis

Onlangs het Van der Walt in twee uitgebreide en diepgrypende artikels 'n kritiese waardering van die werklikheids- en mensbeskouing van Calvyn gepubliseer (vgl. Van der Walt, 2009a en 2009b; asook Strauss, 2009b). Hoewel Calvyn nog in vele opsigte onder die invloed van on-Bybelse opvattinge was, het sy herwaardering van die eenheid en goedheid van die skepping spoedig daartoe aanleiding gegee dat die protestantse Hervorming nie bloot tot die kerk en godsdiens in engere sin beperk kon word nie, maar inderdaad die religieuse wortel van die mens se bestaan raak en van daaruit na alle sektore van die menslike samelewing vernuwend behoort deur te werk. Die gevolg was dat die benaming *Calvinisme* na vore getree het om hierdie lewensomvattende Christelike lewens- en wêreldbeskouing aan te dui. Uiteindelik, met die herlewing wat deur Abraham Kuyper teweeg gebring is, het dit gedien om die Christelike lewensoriëntasie te onderskei van sowel die Rooms Katolisisme as die Humanisme as lewensbeskouings.

Veral Kuyper het opnuut aandag gevra vir die lewensomvattende betekenis van die wet van God – mede in die lig van die feit dat die

kerklike tradisie hierdie uitdrukking beperk het tot die tien gebooië. Dit is veral die erkenning van die radikale en integrale aard van die Bybelse skeppingsmotief wat in hierdie problematiek skerp onder die soeklig kom – gefokus op die aard van God se wil. Die Christendom worstel teweens die afgelope 2 000 jaar met hierdie sentrale vraag van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing, naamlik hoe ek my lewe moet inrig. Die antwoord is uiteraard natuurlik volgens die wil van die Here! Maar die vraag bly presies *wat* die wil van die Here in ons alledaagse lewe is.

6. Die wil van die Here

Die antwoord is skynbaar eenvoudig wanneer ons bloot sou vra wat die Skrif sê. Dit is 'n standaard praktyk binne ons Christelike tradisie dat hierdie vraag daarop dui dat die Bybel inderdaad die riglyne/beginsels/rigtingwysers vir ons lewe bevat en dat 'n antwoord op die vraag na wat die Skrif sê slegs gevind kan word deur op bepaalde (kon-)tekste te let. Is die Bybel dan nie tereg deur die Reformasie as die norm van ons geloofslewe waardeer nie? Die lastige vervolgvraag wat hierteenoor opgewerp kan word, is natuurlik die vraag of die Bybel inderdaad uitsluitel gee oor elke faset van ons moderne en gekompliseerde lewe. Sê die Bybel werklik iets konkreet oor die kernenergie wat in die atoom verskuil lê of oor die katastrofale misbruik wat die mens daarvan kan maak? Sê die Bybel iets oor apartheid? Sê die Bybel iets oor menseregte? Wat van die problematiek van inflasie, tegnokratie of die mag van die moderne organisasiewese en kommunikasiemedie? Watter tekste sal ons na vore moet bring om oor hierdie en talle ander hedendaagse probleme uitsluitel te kry?

Anders gestel: is dit geregverdig om die afleiding te maak dat indien daar geen toepaslike teks in die Bybel oor 'n spesifieke saak gevind kan word nie, die Bybel géén gesag oor daardie saak of terrein van die lewe besit nie? Op hierdie punt skemer iets belangriks deur. Indien die gesag van die Bybel inderdaad daarvan afhanklik was dat daar oor elke denkbare faset van die lewe en vir elke moontlike situasie 'n direk-toepaslike teks bestaan het, sou dit vanself impliseer dat die Bybel nie gesag dra oor die volle lewe van die mens nie, want dit kan eenvoudig nie ontken word dat daar talle sake is waaroor ons geen direkte tekste in die Bybel vind nie. Hierdie impasse toon aan dat ons moontlik slagoffers kan wees van 'n valse (en on-Bybelse!) verwagting van wat die Bybel presies is en aan ons bied.

Juis die probleemstelling waarmee ons begin het, maak dit moontlik om die knelpunt in hierdie valse verwagting van wat die Bybel eintlik is, bloot te lê.

7. Die orde vir en ordelikheid van die skepping

As praktiese voorbeelde sou ons kon sê dat die hemelliggame in hulle beweging beantwoord aan die wil van God? Is dit 'n deel van die wil van God dat swangerskap by die mens normaalweg nege maande duur? Beantwoord logies-korrekte argumentasies aan die wil van God? Sou ons kon sê dat God van ons verwag om spaarsaam te wees, om bedagsaam op te tree, om stylvol te handel, om opreg te wees, en so meer?

In die Ou-Testamentiese wysheidsliteratuur word die insig waarom dit hier gaan, geplaas binne die kader van die wysheid van God wat oor die skepping uitgegiet is. Die wet wat God vir al sy skepsele gestel het, is inderdaad sy wil vir skepselwees – in die reformatories-wysgerige tradisie word ook gesê dat die skepping gegrond is in die soewereine skepperswil van God (vgl. hierby die digterlike lofprysing van Op. 4:11: "... omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep").

Dit is sekerlik onmoontlik om die "wil van God" in hierdie fundamentele sin van Skepperswil te vereenselwig met die Bybel as geskrif. Die implikasie is dan egter dat "Skrif-beginsels" nie kan saamval met die skeppingswye wiekslag van God se kosmosomvattende skeppingswet nie. Allereers is dit duidelik dat die wet van God méér is as wat in die Bybel opgeteken is. Daarom het Kuyper in eg reformatoriese sin van meet af beklemtoon dat daar by die wet van God nie bloot aan die tien gebooe, die Mosaïese wet of die sedewet en seremonies gedink moet word nie, omdat die volle skeppingsorde in die visier gekry moet word. Kuyper stel dat die wet van God nie slegs die "[T]ien geboden; ook niet enkel de Mozaïsche wet, of de wet der zeden en ceremonieën" is nie, maar ook "dat gansche samenstel van wetten in al het creatuurlijke vertoonen, waardoor al wat God schiep, op de aarde, boven de aarde en onder de aarde, bestaat" (aangehaal deur Veenhof, 1939:30). Vanuit hierdie perspektief gesien, kan ons aanvaar dat God inderdaad sy wet gestel het vir skepselwees (vgl. onder meer Ps. 148 en 119). Elke skepseltoon die onderworpenheid daarvan aan God se wet deur ooreenkomstig die maat van die wet op te tree – dit wil sê deur wetmatig te funksioneer. Die insettinge en bevele wat God vir die menslike lewe gestel het, besit egter nie die aard van natuurwette nie, want dit is normerend; dit tree die mens tegemoet as behorensiese (beginsels

of norme). Daarom ken ons as gevolg van die sondeval naas reëlmatige menslike optrede ook onreëlmatige handeling (anti-normatiewe daad). In Jesaja 28:26 e.v. verneem ons byvoorbeeld dat God die mens kennis gee oor hoe om alles na behore te doen: swartkorn en korn word met 'n stok uitgeslaan; graan word gemaal vir brood; en so meer. Danksy die ordelikheid van dinge kan ons op die spoor kom van die orde wat God daarvoor gestel het. God leer ons dat ons moet ag gee op sy wil vir hulle bestaan – 'n perspektief wat dikwels ook deur 'n voormalige kollega van professor Bennie van der Walt, professor Benoon Duvenage, beklemtoon is.

Wat opvallend is, is dat hier geen uitleg van 'n bepaalde Bybelteks op die spel is indien ons tot kennis van die aard en hantering van korn en graan wil kom nie. God maak hierdie kennis moontlik deurdat Hy in sy voorsienige trou sy wet handhaaf. Indien ons gevolglik sou vra hoe ons tot kennis van die wet vir 'n atoom kan kom, moet die antwoord uit die voorafgaande lig wat die Bybel daarop werp, duidelik wees: nie deur een of ander teks in die Ou en/of Nuwe Testament te ondersoek nie, maar wel deur vanuit die ordelikheid (wetmatigheid) van atome tot 'n insig te kom in die godgestelde wet vir atoomwees.

8. Normatiwiteit en antinormatiwiteit

Omdat die Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie alleen op ons Bybelse skeppingsgeloof berus nie, maar ook erns maak met die sondeval, kan die bykomende vraag gestel word of antinormatiewe gedrag enige bydrae kan lewer tot ons strewe om God se Skepperswil vir die mens se lewe in sig te kry. Sal elke vorm van antinormatiwiteit nie juis op die teendeel dui nie? Allermens, want enige menslike gedrag kan slegs as antinormatief waardeer word indien dit gemeet word aan een of ander norm of beginsel waaraan dit nie alleen onderworpe is nie, maar waarteen dit ingaan.

Indien ons byvoorbeeld die normatiewe eise van logiese denke weg-dink, verdwyn die moontlikheid om 'n drogredenasie te herken in die *onlogiese* aard daarvan. Onlogiese denke verander nie in enigiets anders nie – dit bly 'n vorm van denke. Met ander woorde, slegs indien daar implisiet 'n appèl op die godgestelde logiese norme vir ons denke uitgeoefen is, kan gesê word dat 'n spesifieke argument onlogies is. Die sondige ongehoorsaamheid van die mensdom ontkom derhalwe nooit aan die godgestelde beginsels waaraan dit steeds onderworpe bly nie – dit kan hoogstens in ongehoorsaamheid daarop parasiteer!

Wie in die lig van die voorafgaande beredenering daarom vanuit hierdie Skrifgefundeerde perspektief besef dat God ons deur die ordelikheid van sy skepsels verwys na die wet-Woord vir sy skepsels, hoef 'n mens ook nie langer in 'n verleentheid te verkeer wanneer dit gaan om 'n prinsipiële verantwoording van die taak van die wetenskap aan 'n universiteit vanuit die perspektief van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie. Die Bybel verwys uiteraard na talle gestaltes van gehoorsaamheid wat eweseer op die godgestelde wet-Woord vir die mens appelleer.

In die kontemporêre postmoderne tydsges word 'n poging aangewend om enige appèl op 'n omvattende godgestelde orde te relativer. Middleton en Walsh (1995:76-77) wys tereg daarop dat dit op 'n wyse geskied waardeur die eie sekerheid subtiel veilig gestel word. Hulle stel die vraag: "Do postmodernists consider their own worldview as simply one option among many?" Die antwoord is:

Not at all. Postmodernity, as the master discourse which guides our understanding that all stories are mere human constructs, does not appear on the table. It *is* the table on which all the other dishes are served.

Hoewel Smith skerp krities oor die postmoderne tydsges dink en eksplisiet die pleit voer vir 'n "creational hermeneutic", grens sy gedagte van 'n "plural notion of truth" aan die relativisme (Smith, 2000:83).

9. Die ideaal van Christelike wetenskap – vrug van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing

Die ideaal van Christelike wetenskap is nie 'n vrug van een of ander wetenskaplike insig nie, maar die resultaat van die motiverende aard van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Tereg skryf Dooyeweerd (1997-I:157):³

To the Calvinistic life- and world-view, as developed by Dr A. Kuyper in the Netherlands since the last decades of the nineteenth century, belongs undoubtedly also the radical Christian view of science. But how is this new view of science born? Not from a philosophic or systematic tendency, but rather in the midst of a concrete situation of life. The pressure of the

3 Hierdie uitspraak weerlê Wolterstorff se opmerking dat volgens Dooyeweerd "one's religious convictions belong exclusively to the realm of the pre-theoretical" (Wolterstorff, 1989:80).

scholastic notion of science on the one hand, the necessity for defence against the ruling Humanistic view of science on the other, stimulated young neo-Calvinism to a consideration of its religious calling in the realm of science.

Natuurlik is die Christelike lewens- en wêreldbeskouing glad nie die enigste geesteskrags wat in die Westerse beskawingsgeskiedenis werksaam is nie. Daarteenoor – en dikwels parasiterend daarop – staan ook ander lewensbeskoulike geestestromings. Een van die belangrikste probleme in hierdie erfenis is in die gangbare – nalewend-Roomse – tweedeling van die lewe te vind. Die kernvraag is of die Bybel 'n tweedeling van die lewe in 'n laer wêreldse (natuurlike) lewe (die nie-kerklike lewensterreine) en 'n verhewe geestelike (kerklik-institutêre) genadesfeer erken.

Die sentrale boodskap van die Bybel is immers die koninkryk (*basileia*) van God (sy heerskappy oor alles – vgl. Ps. 103:22 en veral die vier Evangelies waar die term *basileia* ongeveer 100 keer voorkom). Aanvanklik dui die koninkryk van God op die volle reikwydte van God se heerskappy in Christus oor die sondelose skepping. Ná die sondeval dui dit op God se heerskappy oor gelowiges en ongelowiges, en sedert Christus se kruisiging en opstanding wys dit enersyds heen na die komende ryk van God, terwyl dit andersyds dui op die heerskappy van God in die herbore harte en lewens van verlostes. Daar waar Christus-herbore mense in gehoorsaamheid aan God se wil lééf – of hulle nou eet of drink of enigiets doen – daar het die koninkryk reeds gekom.

Die skepping omvat sowel alle skepsels wat God geskape het as die orde van God vir skepselwees – die skeppingsgegewe wet-Woord van God waarna die Bybel as egte en betroubare Skrifgeworde Woord verwys. Tot die skeppingsorde behoort nie alleen die wette vir die natuur nie (vgl. Ps. 148), want ook die verordinerings, insettings en bevele van God (sy wet-Woord) wat elke faset en lewensvorm van die mens normeer, is as skeppingswil van God gegee – dit bevat God se koninkrykswil vir menswees – soos saamgevat in die grondwet van die koninkryk: die eis van liefdesdiens aan God en die naaste met die hele hart. Vanuit hierdie wortel-wet vertak die gedifferensieerde verskeidenheid verordinerings wat God vir die verskillende fasette van die menslike doen en late gestel het. Let egter daarop dat hierdie verskeidenheid insettings nie uit die allesomvattende sin van die liefdesgebod afgelei kan word nie – dit bied telkens slegs 'n gedifferensieerde spesifikasie daaraan. Wanneer die gebod tot naasteliefde eis dat 'n mens jou naaste moet liefhê soos jouself, impliseer dit nie dat jy jou buurvrou op dieselfde wyse

moet liefhê as jou eie vrou nie! Die spesifikasies van God se wet-woord vir die verskillende fasette van die mens se lewe kan eenvoudig nie uit die sentrale liefdesgebod afgelei word nie.

10. Die onderskeidenheid van struktuur en rigting

Die teenstelling (antitese) tussen sonde en verlossing (kwaad en goed) dui 'n rigting-onderskeid binne die goeie orde van God se skepping aan. Die sonde verskaf aan die moontlikhede van die skepping 'n afgodiese rigting – dink aan onlogiese denke, vermorsende optrede, onregmatige handeling, ongeloofsvorming, in die orentbring van afgodiesgerigte state, bedrywe, gesinne, geloofsverbande, en so meer. Daarenteen maak die verlossing in Christus ons juis vry van die skeppingswye heerskappy van die sonde en roep ons op om op elke terrein van die skepping af te wyk van die kwaad en uit vrees vir die Here in gehoorsaamheid aan sy wil te lewe (vgl. Job 28:28; Pred. 6:16 en Rom. 12:21). Christene en nie-Christene leef nie in twee verskillende wêreldes (“terreine”) nie, maar in een en dieselfde skeppingsorde van God. Wat Christene en nie-Christene van mekaar skei, is nie die skepping waarin hulle (gemeenskaplik) leef nie, maar juis die teengestelde rigtingkeuses van waaruit hulle leef. Christene en nie-Christene doen gevolglik dieselfde soort dinge – maar hulle doen hierdie dinge verskillend en telkens vanuit hulle onderskeie rigtingoriëntasies.

Ons ontkrag die volle Bybelse betekenis van skepping, sondeval en verlossing indien ons hierdie rigtingonderskeid tussen sonde en verlossing (kwaad en goed) met die goedgeskape struktuur van die skepping vereenselwig. Onvermydelik lei dit tot 'n on-Bybelse tweedeling (dualisme) wat die sonde met 'n bepaalde “gebied” (terrein) van die skepping vereenselwig (byvoorbeeld die nie-kerklike lewensvorms soos die staat, bedryf, volk, skool en universiteit as die *wêreld*) en wat die verlossing met 'n ander terrein vereenselwig (byvoorbeeld die kerk wat as Christelike geloofsverband die keersy vorm van die natuurlike sondige wêreld). In radikale teenstelling tot elke dualistiese siening leer die Bybel juis ondubbelsinnig dat ons op elke terrein van die skepping moet afwyk van die kwaad deur God se wil te gehoorsaam. Verlossing beteken dus nie die wegbeweeg van enige terrein van die lewe nie, maar juis die héénbeweeg na elke terrein – om dan vervolgens op elkeen van hierdie terreine af te wyk van die kwaad deur die koningskap van Christus te proklameer. Daarom kan ons sê dat waar alle nie-Bybelse lewens- en wêreldbeskouings op die een of ander wyse die onderskeid tussen die goedgeskape struktuur van die skepping en die rigtingteenstelling

tussen goed en kwaad verontagsaam, die Bybelse perspektief die enigste is wat bestempel kan word as die motief van die onderskeidenheid van struktuur en rigting. Smith (2004:197) verwys na sy jeugvorming wat in die greep was van “Protestant fundamentalism” – met dualisme as hoofkenmerk.

11. Tekortkomings van 'n kerkinstituutsentrisme

Omdat die posisie van die kerk in die lewe van die mens dikwels nog waardeur word vanuit die tradisioneel-Roomse twee-terreineperspektief, is dit kernelemente van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing waaroor tot duidelikheid gekom moet word.

Indien ons sou opmerk dat die Bybel enersyds in 'n sentrale en omvattende sin oor die liefdesgebod praat – die liefde tot God en mens met die hele hart – en andersyds gedifferensieerd liefde (en geloof) naas ander vertakings van die lewe stel, is dit duidelik dat liefde in die sentrale sin (as wortel) nie kan saamval met enige vertakking van die lewe nie. In onderskeiding van daardie Bybelgedeeltes waar pertinent na die sentrale sin van die liefdesgebod verwys word (vgl. Matt. 22:37-40; Deut. 6:5; Lev. 19:18), tref ons talle gedeeltes aan waar liefde in één lyn naas ander fasette van die werklikheid geplaas word. Vergelyk slegs die uitsprake in Galasiërs 5:22 en 1 Timoteus 6:11 waar ons lees van die “vrug van die Gees” en daar dan onderskeidelik melding gemaak word van: “liefde, blydskap, vrede, ...”, en so meer en van dit waarna ons moet streef: “geloof, liefde, volharding, minsaamheid”. Let terloops daarop dat dieselfde verskynsel met betrekking tot die woord *geloof* voorkom. Soms word geloof gebruik in die sin van die totale hartsoorgawe van die mens aan God en soms word dit – soos in 1 Timoteus 6:11 – gebruik ter aanduiding van 'n deug wat naas en in onderskeiding van ander deugde nagestreef moet word. Indien ons die woord *geloof* in 'n sentrale sin gebruik, is die term *religie* verkieslik, want dit appelleer op 'n allesomvattende binding van die hart – 'n totale diens aan God of aan 'n afgod. Die term *geloof* – en ook *godsdienst* in 'n engere sin – kan gereserveer word vir 'n bepaalde uitgang uit die hart wat duidelik onderskei moet word van ander uitgange uit die hart – denke, liefde, spaarsaamheid omvat tewens nie al my lewensverhoudings nie. Telkens tree ek immers (weliswaar sonder om op te hou om kerklidmaat te wees) in ander hoedanighede op – byvoorbeeld as Christenouer, Christeneggenoot, Christendosent, en so meer. Indien die nuwe wortel van Christenwees – sy herborenheid in Christus as loot van die Ware Wynstok – vereenselwig word met 'n vertakking van sy bestaan (naamlik lidmaatskap van die kerkinsti-

tuut), moet ons – ter wille van konsekwentheid noodwendig saam met Rome die hele lewe van die mens verkerklik in plaas van ver-Christelik.⁴ Marshall wys daarop dat die argument soms gebruik is dat aangesien die boodskap van die evangelie lewenswyd is, die kerklike prediking daarvan impliseer dat die kerklidmate in hierdie hoedanigheid in die samelewing moet optree. Hierdie siening “conveys the implicit assumption that whatever the gospel requires should be done the clergy. This view of the church ... has led ... to an increasingly political clergy” (Marshall, 1984:143-144).

Indien die verlossing (wedergeboorte) nie bloot ’n sektor of terrein van my lewe betref nie, maar inderdaad vanuit die hart (die wortel) alle vertakings van my lewe omvat, kan hierdie primêre wortelbegrepenheid van die verlostes (wedergeborenes, uitgeroepenes) in Christus as die nuwe volk van God (die herbore mensheid in Christus) ook nie saam met Rome vereenselwig word met één van die vele skeppingsgegewe lewensverbintenisse van die mens, naamlik die kerkinstituut nie. Ek tree nie in die huwelik, gesin, staat of universiteit op as “kerkinstituut-herbore lidmaat” nie, maar deurgaans as Christus-herbore eggenoot, vader of dosent. Ook in die kerkinstituut kan ek slegs optree as Christus-herbore lidmaat.

Wanneer die Nuwe Testament met beeldrykheid verwys na die gesamentlike verbondenheid van die verlostes in Christus – byvoorbeeld as bruid van Christus, die uitgeroepenes (*ekklesia*) of as die liggaam van Christus – moet ons telkens uit die konteks vasstel of dit gebruik word bloot ter aanduiding van ’n bepaalde (sy dit relatief ongedifferensieerde) vertakking van die lewe van die wedergeborenes (byvoorbeeld wanneer hulle godsdienstig verkeer het), en wanneer dit in ’n Radikale (tot die wortel-deurdringende), Sentrale (rakende die middelpunt van die mens se lewe rakende) en ’n Totale (allesomvattende) betekenis gebruik word en wel ter aanduiding van die herborenheid tot koninkryksdiens op elke terrein van die lewe van die nuwe mensheid (as ’n koninklike priesterdom, ’n uitverkore geslag, ’n heilige volk – vgl. 1 Pet. 2:5, 9). Hierdie totale wortelbetekenis is byvoorbeeld te vind in Efesiërs 1:22 en Kolossense 1:18, asook Matteus 16:18. Dieselfde geld byvoorbeeld van die openingsuitsprake van Paulus se sendbriewe waar telkens in ’n radi-

4 Let daarop dat die herborenheid in Christus, hoewel dit die hart van die individuele mens opeis, nie ’n bloot-individuele aangeleentheid is nie. Deurgaans beklemtoon die Bybel dat hulle wat in Christus herbore is gesamentlik aan die herbore mensheid behoort – die nuwe uitverkore volk van God, die lote van die Ware Wynstok.

kale, sentrale en totale (d.i. RST-) sin van die volk van God (die uitverkorenes) gespreek word. Vergelyk ook 1 Petrus 1:1 e.v. waar in die eerste vier verse drie RST-aanduidings aangetref word (met name: vreemdelingskap, uitverkorenheid en wedergeboorte). Ongelukkig vind ons in die nuutste Afrikaanse Bybelvertaling telkens dat die woord *ekklesia* in dergelike sentrale kontekste ongekwalifiseerd met die woord *kerk* vertaal word. In sulke kontekste sou dit verwarring kon vermy het indien dit meer letterlik vertaal word, byvoorbeeld met die woord *uitgeroepenes*. Daarmee sal die gevaar vermy word dat die leser ten onregte die sentrale verbondenheid aan Christus identifiseer met die kerk as instituut (as één lewensverbintenis naas en in onderskeiding van ander wat almal gesamentlik in die nuwe mensheid verwortel is).

'n Aanhaling van Paul Schrotenboer, voormalige sekretaris van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, is hier toepaslik. Dit handel oor die onderskeiding tussen kerkinstituut en die nuwe volk van God en dit belig tegelyk die relatief-ongedifferensieerde aard van die Nuwe-Testamentiese samelewing:

We must distinguish between the people of God, the body of Christ, the new Nation, the holy people, the pillar and ground of the truth and the institutional church today. This is a necessary distinction. However, the New Testament did not make this distinction for there was yet no such thing as an 'institutional' church, as distinct from God's people's activity in labour, commerce, education, and the state. To an extent they were busy communally as Christians in all their ways of living (more consistently than Christian people are today). But these differences were not yet institutionalized. These 'areas' did not yet exist as distinct societal zones. The lines between church and school were not yet visible. Church and home was also much more closely related, judging from the fact that the people of God were sometimes identified as the church that met in a certain man's house. The people of God was then at a very early stage. Right from the start they were organized, but they did not have a distinct organization for worship, for their cultic activity. (Schrotenboer, 1971:110.)

Wanneer ons byvoorbeeld verneem van ons eenheid in Christus, dui dit daarop dat herborenheid geen enkelvoudige relasie betref nie. Die Nuwe Testament lê steeds klem op die gemeenskaplike verbondenheid van die herborenes in Christus – vandaar die gemelde uitdrukkings soos *ekklesia*, liggaam van Christus, en so meer. Telkens wanneer hierdie en soortgelyke aanduidings in die Nuwe Testament gebruik word, dui dit op daardie één allesbeheersende

verbintenis in die lewe van elke Christen wat alleenlik bestempel kan word as Radikaal, Sentraal en Totaal (RST).

Elke ander verbintenis waaraan die mens kan deelhê, is, alhoewel verwortel in hierdie sentrale RST-verbintenis, steeds gedifferensieerd ('n vertakking van die wortel) (D), periferaal (staande op die rand en nie in die sentrum van die lewe nie) (P) en gedeeltelik (parsieel) (G). Teenoor die een primêre RST-verbintenis van menswees (Christenwees of nie-Christenwees) staan derhalwe 'n veelheid DPG-verbintensisse (Christen eggenootwees, geloofsgenootwees, studentwees, en so meer – kontra nie-Christen eggenootwees, geloofsgenootwees, studentwees, en so meer). Slegs indien die kerkinstituut (soos Rome leer) my lewe radikaal, sentraal en totaal omvat, sou dit kwalifiseer om as die egte RST-verbintenis van my lewe beskou te kan word. Dit is egter allermins die geval, want hoewel ek in ander DPG-verbintensisse (soos vaderskap, staatsburgerskap, volksgenootskap, en so meer) nie ophou om kerklidmaat te wees nie, tree ek nooit in enigeen van die nie-kerklike DPG-verbintensisse in my hoedanigheid as kerklidmaat op nie – selfs die predikant moet deurlopend in ander hoedanighede optree, byvoorbeeld as eggenoot, ouer, staatsburger, Afrikaner, koper, kunswaardeerder in die teater, taalgebruiker in die sosiale verkeer, en so meer. Omgekeerd geld natuurlik dieselfde perspektief: hoewel ek nie ophou om Afrikaner, dosent of eggenoot te wees wanneer ek polities of kerklik-godsdienstig besig is nie, tree ek nogtans nooit op staatkundige of kerklike terrein as (d.w.s. in my hoedanigheid as) Afrikaner, dosent of eggenoot op nie – slegs as burger van die staat.

Die geneigdheid wat in ons teologiese tradisie bestaan om die Bybelse koninkryksewangelie instituut-sentries te misdui, kontinueer nie alleen 'n wesenlike Roomse element nie (met die twee-terreineleer wat daaruit voortvloei), maar bly ook in gebreke om erkenning te verleen aan enige kollektiewe (gesamentlike) RST-aanduiding in die Bybel (soos wat byvoorbeeld vermeld is in Ef. 1:22 en Kol. 1:18).

Hoewel professor J.A. Heyns tereg handhaaf dat die wedergeboorte tot burgerskap van Gods koninkryk primêr is, identifiseer hy ten onregte alle kollektiewe RST-aanduidings met die kerkinstituut. Gelukkig doen hy dit op inkonsekwente wyse (vgl. Strauss, 1980:256-259). Hierdie foutiewe identifikasie het hom in Junie 1987 tydens 'n televisiedebat een Sondagaand met dr. Willie Lubbe in 'n ernstige verleentheid laat beland. Hy het naamlik sy besorgdheid uitgespreek oor die ontstaan van die Afrikaanse Protestantse Kerk wat hulle afgeskei het van die liggaam van Christus. Dr. Lubbe het onmiddellik gereageer deur Heyns daarop te wys dat hulle nie die liggaam van

Christus verlaat het nie, maar slegs afskeid geneem het van die NG Kerk!

Sedert die reformasie worstel protestantse kerkgenootskappe met die vraag hoe ontkom kan word aan die tradisioneel-Roomse vereenselwiging van die kerkinstituut met die liggaam van Christus – maar val tog telkens terug in presies dieselfde slagat.

Teen die voorafgaande agtergrond is dit nou moontlik om twee vrae te formuleer wat die onhoudbaarheid van elke instituut-sentrisme en elke twee-terreineleer aan die lig sal bring – en wat ons tegelyk in staat sal stel om die trefkrag van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing tot sy reg te laat kom.

Aan die wortel van die nalewend Roomse twee-terreineleer word normaalweg die vereenselwiging van ons (kollektiewe) herborenheid (in Christus, as lote van die Ware Wynstok) met die kerk as lewensvorm (as instituut), aangetref. Die volgende twee vrae sal help om ons te laat verstaan dat die Bybel geensins ondersteuning bied vir 'n twee-terreineleer nie. Is die sonde 'n terrein van die skepping? en Hoe moet ons die grense van die “kerk” omskryf? Met betrekking tot vraag een is die Bybelse perspektief duidelik: geen enkele terrein van die skepping is as sodanig sondig geskape nie – hoeseer die sonde-afval van God op elke skeppingsterrein gestalte aanneem. As 'n bepaalde terrein as sodanig sondig sou wees, moet ons uiteraard bereid wees om hierdie “sondige terrein” aan te dui. Is dit die terrein van ekonomies besigwees – soos Rome nog gedink het? Of is dit die terrein van wetenskaplik besigwees soos die revolutionêr-utopiese denkers van die twintigste eeu dink (denkers soos Herbert Marcuse, Claus Koch en Robert Jungk)?

'n Bevestigende antwoord op hierdie vrae sou beteken dat verlossing impliseer dat Christene bevry is van die betrokke *sondige terrein* en vrygemaak is om “weg te beweeg” van hierdie sondige terrein en “heen te beweeg” na die “terrein van die verlossing”. Laasgenoemde word dikwels vereenselwig met die kerkinstituut of met moraliteit. Wanneer die kerklike praktyk so al te gemaklik verwys na die “sondig wêreld daarbuite” verrai dit onmiskenbaar 'n on-Bybelse tweedeling.

12. Nogeens: struktuur en rigting

Die Bybelse teenstelling tussen kwaad en goed (vgl. weereens Job 28:28) beliggaam die perspektief dat die goed-kwaad teenstelling 'n rigting-teenstelling binne die goedgeskape orde van God se skep-

ping is. Indien die sonde egter op elke terrein van die skepping gestalte aanneem, beteken dit vanself dat die wiekslag van die verlossing eweseer skeppingswyd is. Anders gestel: nóg die sonde, nóg die verlossing is “terreine” van die skepping, want albei verteenwoordig ’n hartsgerigtheid by die mens wat radikaal, sentraal en totaal is (RST) en wat gevolglik ’n skeppingswye betekenis besit. Dit veronderstel dus geen leer van twee-terreine maar wél ’n Bybelse perspektief op één domein, die skepping (die koninkryk van God) waarbinne twee rigtings – afvallig en God-gehoorsaam – voorkom.

In die getuienis van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode oor menseregte uit die jaar 1983, lees ons die volgende teregwyding aan dualistiese wêreldbeskouings:

Dualist worldviews always misconstrue the biblical idea of antithesis. The antithesis then gets defined not in terms of a spiritual warfare which is being waged in every sector of life, but along structural lines. It places one set of societal structures off against another – for example, church against state, a mission station against a political party. Christians then end up fighting the wrong battles. (RES, 1983:76.)

’n Antwoord op vraag twee sal duidelik aantoon of ons denke inderdaad in die greep van die sentrale Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing is, dit wil sê of ons erns maak met die onderskeidenheid van struktuur en rigting. In beginsel is daar immers slegs twee antwoorde op die vraag na die grense van die “kerk” moontlik.

Ons kan allereers ’n grensaanduiding gee wat verwys na die aard van die kerk as samelewingsvorm in onderskeiding van ander samelewingsvorme (soos die staat, die bedryf of die universiteit). In hierdie geval word ’n struktuurgrens aangegee. Alternatiewelik kan ons die *kerk* omlin deur ’n rigtinggrens aan te dui. In hierdie geval word die fundamentele rigtingteenstelling wat sedert die sondeval binne die orde (struktuur) van die skepping bestaan, aangedui – met name die rigtingteenstelling tussen die ryk van God en die ryk van die duisternis. Dit betref met ander woorde die antitese tussen diégene wat deel het aan die uitverkore volk van God en dié wat nie daaraan deel het nie.⁵

5 Hierdie tweede grensaanduiding het te doen met die RST-dimensie van die skepping, terwyl die eerste een die DPG-dimensie op die visier het.

Wanneer die kerk as instituut ('n DPG-verbintenis) met die RST-verbondenheid van die nuwe mensheid in Christus vereenselwig word, blyk dit dat ons denke in die volgende probleme verstrengel word. Dit impliseer onherroepelik dat die betekenis van die verlossing, wat 'n radikale, sentrale en totale rigtingappèl vir alle lewensterreine inhou, verskraal en ingeperk word tot één terrein van die skepping, naamlik die enger kerklik-godsdiens terrein, die terrein van die kerk as instituut.

Die kritiese vraag is natuurlik watter kerklike denominasie (selfs binne die protestantse tradisie is daar talle verskillende kerkgenootskappe) nou gesien moet word as die eintlike liggaam van Christus? In die kerk as instituut kan daar nog "hipokriete" wees. Kan dit ook die geval wees in die liggaam van Christus? Hoewel die Reformasie Rome se vereenselwiging van die liggaam van Christus met die (Roomse) kerk as instituut afgewys het, leef iets van hierdie Roomse erfenis tóg nog wanneer ons meen dat die liggaam van Christus slégs in die kerk as instituut tot uitdrukking kan kom, sonder enige besef van die feit dat Christenwees (Christus-herbore menswees) in elke faset van die lewe gestalte behoort te kry – gehoorsaam aan die RST-eis van die koninkryk: die liefdesdiens aan God en die naaste met die héle hart in al sy lewensuitings.

Die alternatief is dat ons denke in die greep van 'n onbybelse tweedeling kom waarin die verlossing geïdentifiseer word met 'n bepaalde terrein van die skepping, te wete die terrein van kerk en godsdiens. Dit lei dus daartoe dat die rigtinggrens tussen goed en kwaad gesien word as 'n struktuurgrens, waaruit dit ewe vanselfsprekend volg dat teenoor die terrein van die verlossing die terrein van die sonde staan, sodat verlossing nie op 'n radikale hartsverandering dui nie, maar op die vermyding van een skeppingsterrein deur na 'n ander skeppingsterrein te beweeg.

13. Kerk en wêreld

Wanneer 'n twee-terreineleer verdedig word, bestaan daar verskillende opsies:

- 'n Totale tweedeling kan gepredik word – dan ontmoet ons asketisme en 'n kloostermentaliteit; 'n afsluiting in die heiligdom van die vermeende eksklusiefverloste terrein van die skepping, met veragting en vermyding van alles wat daarteenoor staan as sondige wêreld.

- 'n Milder siening kan verdedig word – een waarin die “kerk” nie só “vreemd” aan die wêreld geag word nie, maar juis die roeping besit om as voorbeeld van versoening (die ruimte van God se bemoeienis met die skepping) sy Lig te laat deurstraal oor die verskillende terreine van die sondige wêreld (soms gerugsteun deur Kuyper se siening van die kerk as organisme).
- Laastens kan hierdie (kwasi-platoniese voorbeeldgedagte) só radikaal opgevat word dat ons geroepe geag word om die eenheid van versoening wat ons in die kerk beleef sigbaar tot uitdrukking te bring – ook in elke ander sektor van die samelewing (opnuut 'n kwasiverkerkliking van die hele lewe).

Wie derhalwe begin het deur te aanvaar dat daar geen terrein van die skepping is wat as sodanig sondig is nie, het afskeid geneem van die siening dat sonde en verlossing terreine van die skepping is. Dit behels dus niks minder nie as die erkenning van die onderskeidenheid van struktuur en rigting. Juis hierdie basis maak dit dan onmoontlik om die afgrensing van die kerk as lewensvorm (instituut) te vereenselwig met die sentrale rigtinggrens wat tussen die uitverkore volk van God en die afvallige mensheid bestaan.

Wie die kerk in sentrale sin omlin deur die aangee van 'n rigtinggrens, appelleer op die skeppingswye en lewensomvattende betekenis van die verlossing in Christus wat nooit vereenselwig kan word met één sektor van die skepping (soos die kerk as lewensvorm/instituut) nie. Wie andersyds die kerk omlin deur die aangee van 'n struktuurgrens, dui alleenlik op 'n bepaalde terrein van die skepping wat nooit as sodanig die betekenis van die verlossing kan uitput (sonder om ons denke in 'n natuur-genade-dualisme te laat vasloop) nie.

Aan die begin van die twintigste eeu was sommige Duitse filosowe van mening dat Filosofie eintlik 'n teorie van lewens- en wêreld-beskouings moet wees.

Aan die begin van hierdie artikel is opgemerk dat die ideaal van Christelike wetenskap nie deur die wetenskap self na vore gebring is nie, aangesien dit 'n vrug van die Christelike lewens- en wêreld-beskouing is. Sonder om nader op die volle implikasies hiervan in te gaan (vgl. Strauss, 2009a), word ten slotte kortliks gewys op die wyse waarop die miskening van die onderskeidenheid van struktuur en rigting binne die wetenskap beslag gekry het.

Wolters wys daarop dat die ontwikkeling van die Westerse wysbegeerte deurlopend 'n slagoffer was van dít wat hy bestempel as 'n

“metafisiese soteriologie”, d.w.s. 'n *wysgerige saligheidsleer*. Benevens die taak om te analiseer en om toepaslike onderskeidings omtrent die verskeidenheid in die skepping te maak, het die gangbare filosofie telkens daartoe oorgegaan om filosofiese denke te sien as 'n weg tot saligheid, tot 'n deugsame lewe (Plato); as 'n lewenswyse wat tot die goeie lei (Plotinus); om tot rasonale selfvervolmaking te kom (Descartes); om deur middel van wysgerige denkkategorieë die werklikheid te verander (in 'n hemel op aarde, die werkersparadys – Marx), en so meer. Die rol wat talle dergelike wysgerige stromings vervul, is immers daarop gerig om die bron van die kwaad êrens (d.w.s. op een of ander terrein) in die werklikheid te lokaliseer en om die mens dan heen te lei na 'n domein van veiligheid, integriteit en selfs verlossing.

Hierteenoor lokaliseer die Bybel geensins die sonde in 'n terrein nie – maar wel in die afvallige rigting van die menslike hart. Verlossing is eweseer 'n rigtingaangeleentheid – soek die koninkryk van God – op elke terrein. Vanuit hierdie lewensbeskoulike diepteperspektief is die opvallende gegewe dat ons sowel in die Filosofie as in die vakwetenskappe telkens gekonfronteer word met wat ons 'n surrogaat-verlossingsappèl kan noem. Die bevrydingsweg wat voorgehou word, roep ons op om van één terrein van die skepping te beweeg na 'n ander een, byvoorbeeld na die “ryk van die vryheid/deugsamheid/selfvervolmaking/goedheid/outonomie”. Dit beteken dat die rigtingteenstelling tussen goed en kwaad deurgaans in strukturele terme verstaan word, dit wil sê met bepaalde teëgestelde terreine vereenselwig word. Vir die Griekse wysbegeerte is die kwaad byvoorbeeld in die stoflike (die materie) gesetel; vir die eksistensiële filosoof van die twintigste eeu in die samelewingstrukture wat die individuele vryheid van die mens bedreig; vir die neo-Marxis en die sosiologiese konflikteorieë (vgl. Hegel *et al.*) in die gesagstruktuur van lewensvorme; vir ander denkers in die vermeende noodwendigheid van 'n natuurwetmatige oorsaak-gevolgrelasie (kousaliteit) en vir nóg ander in die skyn van vryheid waaroor die mens vermeend sou beskik. Hierdie afvallige styl van wetenskapsbeoefening – in die wysbegeerte en in die vakwetenskappe, skilder volgens Wolters steeds die weg tot die goeie, tot die sin van die lewe en tot vryheid – kortom die weg tot saligheid – as die ontvlugting vanuit één terrein van die skepping en wel deur te beweeg na 'n ander terrein van die skepping: byvoorbeeld deur te wil beweeg na rasionaliteit, na vorming, na die kollektiewe geheel (van die volk, die staat of die kerk), na vryheid, en so meer.

Met innerlike noodwendigheid berus elkeen van hierdie heilsweë op 'n onderwaardering van 'n goed-geskepe deel van die skepping; op 'n depresiëring van iets in die skepping ('n grondtrek reeds van die antieke dwaling van die gnostisisme), terwyl tegelyk gekom word tot die vergoddeliking (verabsoluttering) van iets anders in die skepping – die vertrekpunt van alle afgodediens wat aan 'n skepsel die eer wil toebring wat slegs aan die Skepper kan toekom.

Wolters (1981:10-11) konkludeer tereg:

It is in this feature of traditional philosophy, which I have called 'metaphysical soteriology' (and which has been blunted, but not completely eradicated, in most Christian philosophies) that its religious nature comes most clearly to the fore. In my view, it ought to be a mark of a philosophy which seeks to be as radical as the Bible that it renounces this whole enterprise, and simply accepts, as a point of departure, that every creature of God is good, and that sin and salvation are matters of opposing religious directions, not of good and evil sectors of the created order. All aspects of created life and reality are in principle equally good, and all are in principle equally subject to perversion and renewal.⁶

Geraadpleegde bronne

- BOS, A.P. 1994. H. Dooyeweerd en de wijsbegeerte van de oudheid. (*In* Geertsema, H.G., Zwart, M., De Bruijn, J., Van der Hoeven, J. & Soeteman, A., reds. Herman Dooyeweerd 1894-1977: breedte en actualiteit van zijn filosofie. Kampen: Kok. p. 197-227.)
- DIEPENHORST, P.A. 1904. Calvijn en de economie. Amsterdam: Free University. (Dissertation.)
- DOOYEWEERD, H. 1949. Reformatie en scholastiek in de Wijsbegeerte. Vol. 1: Het Grieksche voorspel. Franeker: Wever.
- DOOYEWEERD, H. 1997. A new critique of theoretical thought. Lewiston: Mellen. (Collected works of Herman Dooyeweerd: a series, vols. 1-4. General ed. D.F.M. Strauss.)
- DOOYEWEERD, H. 2004. Reformation and scholasticism in Philosophy. Vol. 1. Lewiston: Mellen. (Collected works of Herman Dooyeweerd: a series, vol. 5. General ed. D.F.M. Strauss.)
- GOUDZWAARD, B. 2009. Calvyn se etiek van die sosiaal-ekonomiese lewe. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, p. 434-452. Spesiale uitgawe – Johannes Calvyn. Gasredakteur: D.F.M. Strauss.
- KANT, I. 1956 [1787]. Kritik der reinen Vernunft. 2. Ausg. Hamburg: Meiner.

6 Na sy afskeid van 'n protestantse fundamentalisme vind Smith aansluiting by die reformatoriese wysgerige tradisie waarin die onderskeiding tussen struktuur en rigting beklemtoon word (vgl. Smith, 2004:245).

- KANT, I. 1968 [1799]. Kritik der Urteilskraft. 3. Ausg. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- MARSHALL, P. 1984. Thine is the kingdom: a Christian perspective on the nature of government and politics today. Hants: Morgen & Scott.
- MIDDLETON, J. & WALSH, B.J. 1995. Truth is stranger than it used to be. Downers Grove: InterVarsity.
- REFORMED ECUMENICAL SYNOD. 1983. Testimony on human rights. Grand Rapids: The Reformed Ecumenical Synod.
- RES
kyk REFORMED ECUMENICAL SYNOD
- SCHROTENBOER, P. 1971. The marks of the institutional church. *Journal for Christian scholarship*, 7(3):108-117.
- SMITH, J.K.A. 2000. The fall of interpretation: philosophical foundations for a creational hermeneutic. Downers Grove: InterVarsity.
- SMITH, J.K.A. 2004. Introducing Radical Orthodoxy: mapping a post-secular theology. Grand Rapids: Baker.
- STRAUSS, D.F.M. 1980. Inleiding tot die kosmologie. Bloemfontein: VCHO.
- STRAUSS, D.F.M. 2009a. Philosophy: discipline of the disciplines. Grand Rapids: Paideia.
- STRAUSS, D.F.M. 2009b. Calvyn in die intellektuele erfenis van die Weste. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, p. 397-409. Spesiale uitgawe: Johannes Calvyn. Gasredakteur: D.F.M. Strauss.
- VAN DER WALT, B.J. 2009a. Johannes Calvyn (1509-1564) se mensbeskouing: 'n Christelik-filosofiese waardering. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, p. 365-396. Spesiale uitgawe: Johannes Calvyn. Gasredakteur: D.F.M. Strauss.
- VAN DER WALT, B.J. 2009b. Johannes Calvyn (1509-1564) se visie op die werklikheid: 'n Christelik-filosofiese waardering. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, p. 410-433. Spesiale uitgawe: Johannes Calvyn. Gasredakteur: D.F.M. Strauss.
- VEENHOF, C. 1939. In Kuyper's lijn: enkele opmerkingen over den invloed van Dr. A. Kuyper op de *Wijsbegeerte der wetsidee*. Goes: Oosterbaan & Le Cointre.
- WEBER, M. 1970 [1930]. The protestant ethic and the spirit of capitalism. London: Allen & Unwin.
- WOLTERS, A. 1981. Facing the perplexing history of philosophy. *Journal for Christian scholarship*, 17(4):1-31.
- WOLTERS, A. 1989. On the idea of worldview and its relation to philosophy. (In Marshall, P., Griffioen, S. & Mouw, R.J. Stained glass: worldviews and social science. Lanham: University Press of America. p. 14-25.)
- WOLTERS, A. 2005. Creation regained: Biblical basics for a reformational worldview. Grand Rapids: Eerdmans.
- WOLTERSTORFF, N. 1989. On Christian learning. (In Marshall, P., Griffioen, S. & Mouw, R.J. Stained glass: worldviews and social science. Lanham: University Press of America. p. 56-80.)

Kernbegrippe:

Calvinisme

Humanisme

lewensbeskouing

Roomskatolisisme

skepping, eenheid en goedheid van
struktuur en rigting, onderskeidenheid van
twee-terreineleer

Key concepts:

Calvinism

creation, unity and goodness of

Humanism

lifeview

Roman Catholicism

structure and direction, distinctness of
two realm doctrine